# Voltooi ‘n begripstoets

## Graad 4: Afrikaans



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om met begrip te lees

Ons word daagliks blootgestel aan verskillende tipes media, maar verstaan ons altyd wat ons lees?





koerante




pamflet



leesboeke




atlas







tydskrifte

Lae… piereg ©

# Hoe om met begrip te lees

**Stap 1: Lees gou deur die leesstuk (Vluglees)**

Kry 'n algehele idee van waaroor die teks gaan.
Dit help jou om te fokus en te lees met begrip.
Let goed op na die titel, skrywer en onderwerp.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om met begrip te lees

**<u>Stap 2: Lees die vrae</u>**

Nadat jy die leesstuk gelees het, lees jy die vrae een-vir-een deur.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om met begrip te lees

<u>**Stap 3: Lees WEER die leesstuk deur**</u>

Nou lees jy weer deur die leesstuk en hou in gedagte die vrae wat jy moet beantwoord.

Ek moet nou met aandag lees sodat ek die antwoorde op die vrae kan kry.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om met begrip te lees

**<u>Stap 4: Onderstreep moontlike antwoorde</u>**

Soos jy die leesstuk weer deurlees, kyk uit vir moontlike antwoorde en onderstreep dit soos jy deur die leesstuk lees.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om met begrip te lees

## Stap 5: Beantwoord die vrae


Beantwoord nou alle vrae. Maak gebruik van die leesstuk en skryf in volsinne.



**Vraag 1:**
Wat eet die hond?

sy been





**Vraag 1:**
Wat eet die hond?

Die hond eet sy been.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dieremaniere

**Hoe berei diere hulle voor vir die winter**

Wat doen ons voordat ons uitgaan in die koue? Ja, ons trek 'n warm jas en handskoene aan. Dit is ook dieselfde met die diere. Hulle berei hulleself ook goed voor vir die winter, veral in die ysige Europese lande. Die <u>eekhorings</u> daar se pels groei dikker gedurende die herfsmaande om hulle teen die koue te beskerm, want ten spyte van die koue, moet die eekhorings uitgaan om kos te soek.

Baie neute kan gedurende die herfs gevind word en dit is dan ook gedurende dié seisoen dat die eekhoring lekker vet word. Die vetlagie sal hulle lekker warm hou en energie verskaf gedurende die winterseisoen.



Laerskool N g ©

# Dieremaniere

Wanneer eekhorings soveel moontlik geëet het, begin hulle om van die voedsel weg te steek. Hulle steek dit in hol boomstamme asook in gate in die grond weg. Soms vergeet hulle waar die kos gebêre is, maar dan ontkiem die sade en neute en groei weer tot nuwe voedsel. Sommige eekhorings hiberneer, met ander woorde hulle slaap gedurende die koue wintermaande, soos baie ander diere.

Ander diere wat ook voorsorg teen die koue tref, is muise wat hulle ook besig hou om kos op te gaar vir die koue. Marmotte, slakke en vlermuise vind beskutte plekke waar hulle die winter kan deurbring. Wanneer hulle slaap, verlaag hulle liggaamstemperatuur en hulle asemhaling word ook stadiger, sodat hulle minder energie gebruik.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dieremaniere

Swartbere en slange is ook diere wat 'n winterslapie geniet. Het jy geweet slange stoor kos lank voor die tyd in hulle lywe? Hierdie kos stoor hulle in die vorm van 'n vetkoekie, en hulle kan heelwat daarvan stoor. Slange oorwinter gewoonlik in die grond. Sommige van hulle kom wel gedurende die dag so bietjie uit om in die son te lê. Die gate waarin hulle slaap, hou die temperatuur nogal konstant.

Voëls tref ook die nodige voorsorgmaatreëls vir die ysige winter wat voorlê. Soos die dae korter word, trek duisende voëls na Europa. Hulle verveer ook en kry nuwe, sterker vere by. Liggaamsvet word ook opgebou as energie vir die lang reis wat voorlê.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dieremaniere

Gedurende die migrasie moet die voëls baie gevare trotseer: storms, winde, droogtes langs die roetes en selfs botsings teen mensgemaakte voorwerpe soos radiotorings en ligtorings. Baie van die voëls oorleef nie die reis na die warmer gebiede nie.

Diere wat op hierdie en ander maniere by die seisoene aanpas, verseker hulle voortbestaan vir die volgende seisoen.



Lees nou jou vrae deur en volg die stappe soos aangewys.



Laerskool Mikro Kopiereg ©